Waterkruik

JAARGANG 58 NO 43 30 Oktober 2021

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
Video YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
Oudio Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---Pretoria
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=19

EREDIENS VOLGENDE SONDAG

Volgende Sondag se erediens is 'n voorbereidingsdiens met die oog op die viering van die Heilige Nagmaal, Sondag 14 November 2021

DIENSBEURTE

Oggend: Wyke 23 & 24
Oudle. Herman Hamersma
Neels Kloppers
Diakens: Albert Chambers
Susan van der Poel
Fransma Scheepers

Aand: Wyke 25 & 26
Oudle: Sarel du Plessis
Gert Wibbelink
Diakens: Steve Chambers
Francois de Kock

KOLLEKTES

Diakonale kas: ABSA: Diakonie, Spaar Rek. No. 9139785681
Kerkkas: ABSA: Gereformeerde Kerk Waterkloofrand. Rek. no. 000 340 685

BREË KERKRAADS-VERGADERING

Die Breë Kerkraad vergader Woensdag 3 November 2021 om 19:00 in die kerkgebou.

Ons vra u voorbidding vir die Here se seën op hierdie vergadering.

DIAKNESVERGADERING

Die Diakens vergader Woensdag 10 November om 18:00 in die kerkgebou

OUDERLINGEVERGADERING

Die Ouderlinge vergader Woensdag 10 November om 19:00 in die kerkgebou

Program vir die week

Donderdag: 09:30
Bybelstudie in die kerksaal

TEESKINK

Baie dankie aan die susters van wyk 24 wat vanoggend o.l.v. sr. Ansie Heymans tee en koffie bedien.

PARKERING

Daar is weer tydens die oggenderedienste 'n wag buite die kerkterrein om die motors op te pas asook veilige parkering in Langestraat by die skoolterrein. Die parkeerruimte by die skool het 'n hek wat tydens die diens gesluit is.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Mag die Here, die Bron van vrede, self altyd en op elke manier vir julle vrede gee." 2 Tessalonisense 3:16

Vandag
Janél Breed 079 883 4776
Sr. Ena du Preez 082 576 7070

Dinsdag 2 November
Br. Japie Landsberg 083 454 4468

Woensdag 3 November
Br. Jan du Plessis 079 505 8512
Sr. Marlisa van Staden 82 3535065

Donderdag 4 November
Sr. Inneke Josling 082 353 5065

Sr. Ena du Preez vier vandag haar 81ste verjaardag. Hartlik geluk. Ons bid u die Here se seën toe in die nuwe lewensjaar. Mag God u elke dag naby wees.

MEELEWING

Ons harte gaan uit na br. Hennie en sr. Rina Steenkamp 084 734 4181wie se dogter Ilse, na 'n lang siekbed, Woensdag-middag oorlede is. Sy was ook die suster van br. Hanno 084 043 7466 en sr. Mariska Steenkamp. Ons bid julle die vertroosting en genade van die Heilige Gees toe in die dae wat kom.

"O diepte van die rykdom en die wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë (Romeine 11:33)

KERKKOOR

Ons het 'n sanggroep in ons gemeente gestig. Die oefentye is op Sondagmiddae van 17:15 tot 18:15. Die koor benodig nog dringend bas- en altstemme. Skakel Santefielie by 082 925 8802 indien jy wil aansluit of meer wil weet.

GOD HET ONS GEBED VERHOOR

Kan jy jou indink hoe dit moet voel om die Bybel te lees in 'n taal wat jy nie baie goed verstaan nie? Dit is die geval vir 70 000 Mwimbi Muthambi sprekers in die ooste van Kenia, naby Berg Kenia.

Mwimbi Muthambi is 'n dialek van Kimeru – 'n taal wat al sedert 1964 'n volledige Bybel het. Die Kimeru Bybelvertaling is egter op 'n ander dialek gebaseer. Die Mwimbi Muthambi Christene sukkel so om dit te verstaan, dat hulle verkies om die Bybel in ander tale soos Gikuyu, Swahili of Engels te lees.

Dit is om dié rede dat hulle so opgewonde was by die onlangse bekendstelling van die eerste vrugte van die Bybel in hul moedertaal. Die Evangelie van Lukas is op 1 Julie bekendgestel tydens 'n seremonie wat deur kerkleiers en lede van die gemeenskap van regoor die land bygewoon is.

"Ek is so gelukkig. Nadat ons vir só lank Bybels in Engels en Swahili gebruik het, het God ons gebed verhoor," het pastoor Patrick Micheni Mugo gesê. "Wanneer ek die Engelse Bybel lees, is daar sekere woorde wat ek nie verstaan nie, selfs nadat ek dit in 'n woordeboek opgesoek het.

Hierdie nuwe Bybelgedeelte sal my prediking baie vergemaklik."

Die 14-jarige Blessing Kathure het 'n uittreksel van die Lukas evangelie voorgelees as deel van die toewydingsdiens. Sy sê die feit dat daar nou 'n Bybelgedeelte in haar taal beskikbaar is, sal dit vir haar en ander jongmense moontlik maak om meer betekenisvol met die Woord van God om te gaan.

"Ek wil die mense van die Bybelgenootskap bedank dat hulle die Bybel in ons moedertaal vertaal het," het sy gesê. "Ek is so opgewonde dat ek nou die Bybel in my eie taal kan lees en dit meer verstaan".

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is saam met hierdie taalgroep verheug dat hulle ook nou die Goeie Nuus in hulle eie hartstaal kan lees.

SNIPPERS

PSALMFEES

Die Gereformeerde Kerk Centurion nooi u hartlik uit na hulle Psalmfees vandag 31 Oktober om 15:00 – 17:00, Basdenlaan 227, Centurion. Jy kan visueel inskakel en saamsing - gkcenturion.co.za vir skakel (link). Tema: Soli Deo Gloria.

ONDERHOUD REDAKTEUR VAN DIE KERKBLAD

Die volgende onderhoud van die redakteur van Die Kerkblad op Pta FM word weer op 31 OKTOBER 2021 om 07:45 uitgesaai. Luisteraars kan inskakel op 104.2/106.6 MHz of TV oudiokanaal 887

PEKANEUTE TE KOOP

Vars pekaneute te koop. R100 vir 250g heel neute, R60 vir neutstukkies,
R45 vir 200g of R20 vir 50g neutemengsel met klapperstukkies, gedroogte piesangs ens.

Skakel Nienke 083 398 9080 vir meer besonderhede.

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT
Ds. Gerben Meijer
062 279 4469
MONUMENTPARK

SKRIBA
Wico Swanepoel
084 588 5654

ATTESSKRIBA
Tinus Erasmus
012 807 5213
082 410 2252

OUDL SKRIBA
Corrie Skinner
082 494 0309

VOORSITTER DIAK
Arie Hoogenboezem
082 785 0804

ORRELIS
Ansie Wichmann
072 605 8675

e-pos kerk: nwgkw@telkomsa.net
webwerf: www.gkwaterkloofrand.org.za
Daar is skakels wat u neem na oudio- en videouitsendings van eredienste wat onlangs op die internet uitgesaai is.

SONDAGKOSTER
Hein Wichmann 082 873 3569

WEEKKOSTER
Nienke vd Walt 083 398 9080

KANTOOR
Nienke vd Walt 083 398 9080

KANTOORURE
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

BANKBESONDERHEDE
Kerk
ABSA: Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685

Diakens
ABSA: Diakonie Spaar Rek. No. 9139785681

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE